



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESERING 2014
GRAAD 9 AFRIKAANS HUISTAAL**

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.

PUNTE: 80

LET WEL:

- Hierdie memorandum is bedoel as 'n riglyn vir nasieners.
- Die leerders se antwoorde moet op meriete beoordeel word.
- Antwoorde moet in geheel beoordeel en bepunt word.

INSTRUKSIES AAN DIE NASIENERS:

- Verkeerde spelling van een-woord-antwoorde mag nie verkeerd gemerk word nie, behalwe as die spelling die betekenis van die woord verander tensy anders aangedui.
- Moenie spelling en taalfoute in langer antwoorde penaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop-antwoord vrae word geen punte toegeken vir slegs JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet die antwoord ondersteun.
- Vir FEIT/OPINIE vrae, moet die punte verdeel word, naamlik 'n punt vir FEIT/OPINIE en 'n punt vir die rede/motivering. Die punt vir die rede/motivering moet slegs toegeken word indien die feit/opinie gedeelte van die antwoord korrek is. Geen punt word toegeken vir 'n motivering of interpretasie indien die FEIT OF OPINIE in die eerste plek verkeerd was nie.
- Vir vrae waar aanhalings uit die teks benodig word, mag leerders nie geopenaliseer word vir die weglating van aanhalingstekens of vir 'n verkeerde spelling binne die aanhaling nie.
- Wanneer een-woord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n hele sin, merk slegs korrek as die korrekte woord onderstreep/uitgelig is.
- Wanneer twee/drie feite vereis word en 'n hele reeks feite word gegee, word slegs die eerste twee/drie feite gemerk.
- Vir meerkeusige-vrae word BEIDE die letter, asook die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf of onderstreep is, aanvaar.

VRAAG	VERWAGTE ANTWOORDE	PUNTE
	AFDELING A BEGRIPSTOETS	
1.1	A ✓ Om lesers in te lig	1
1.2	D ✓ Hulde is aan Nelson Mandela gebring.	1
1.3	Dit is 'n persoon se direkte woorde/direkte rede/aanhaling.✓	1
1.4	C ✓ Tussen 00:00 en 12:00	2
1.5	Ja . Hy het drome laat waar word/hy was 'n goeie mens.✓✓ (Mag eie woorde gebruik) OF Nee. Hy was 'n mens. ✓✓	2
1.6	“Selfs die hemele het geweene.”/“Ons het 'n engel verloor.”/Sy (Nothando Dube) het vryheidsliedere gesing.	1
1.7	A ✓ onpersoonlike	1
1.8	'n Feit ✓ dit weerspieël die ware gebeure. Dit reflekteer die reaksie van die skare en die president. Die gejuig/toejuiging/gebeure kan besigtig word./ ✓ (1 punt vir feit en 1 punt vir relevante antwoord)	2
1.9	Ja. Hy het mense in sy eie land en mense oor alle grense heen geïnspireer./ ✓✓ Ja. Leiers van regoor die wêreld het hulde gebring. ✓✓	2
1.10	A ✓ Dit is 'n persoon se lewensverhaal deur homself geskryf.	1
1.11	Mandela se lang pad is verby, maar ons s'n begin nou eers. Mandela se lang pad is verby, terwyl ons s'n nou eers begin. Mandela se lang pad is verby en ons s'n begin nou eers. Mandela se lang pad is verby, daarom begin ons s'n nou eers.✓	1
1.12	Gevangenis ✓ (Korrekte spelling is noodsaaklik.)	1
1.13	Ja (<i>slegs as die rede van toepassing is</i>) Suid-Afrikaners sal dit waarin hy geglo het OF sy waardes OF sy toegewydheid tot vrede nastreef. OF Nee (<i>slegs as die rede van toepassing is</i>) want Suid-Afrikaners deel nie almal dieselfde sentiment oor dit waarin Madiba geglo het nie OF waardes nie OF sy toegewydheid tot vrede nie. ✓✓ (Geen punte vir slegs Ja / Nee, en geen punt indien rede nie die antwoord motiveer nie.) Aanvaar enige relevante antwoorde.	2
1.14	A✓ Koerant	1
TOTAAL:		18

AFDELING B: TAALLEER		
2.1.	Mnr. Ramaphosa het gesê (dat) Madiba se lang pad verby is. Mnr. Ramaphosa het gesê Madiba se lang pad is verby. ✓✓	2
2.2	Die wêreld dank u. Aan die mense van Suid-Afrika - die wêreld dank u (dat u Nelson Mandela met ons gedeel het.)✓	1
2.3.1	(ryk) byvoeglike naamwoord/adjektief✓	1
2.3.2	(van) voorsetsel ✓	1
2.3.3	(het) hulpwerkwoord (van tyd) ✓	1
2.4.1	liedere ✓	1
2.4.2	tronke ✓ (Korrekte spelling noodsaaklik)	1
2.5.1	is✓	1
2.5.2	sal✓	1
2.5.3	vereer✓ (Aanvaar omkringde antwoorde op agterblad.)	1
2.6.	Tydens 2013, in 'n oorweldigende reaksie teenoor die Mandela erfenis, het honderde mense saam met Suid-Afrika gerou oor die heengaan van Nelson Mandela, wat ons geïnspireer het. As vaderfiguur is Nelson Mandela 'n rolmodel vir alle pa's . Die verrigtinge het om elfuur begin.	3
2.7	jaarliks✓	1
2.8	Suid-Afrikaners het Madiba-hemde begin dra. /Suid-Afrikaners het begin om Madiba-hemde te dra. ✓	1
2.9	B ✓(in) (Aanvaar antwoord indien leerder op lyntjie geskryf het.)	1
	Gebruik die volgende hoofpunte as 'n riglyn vir die merk van die opsomming. Merkers moet die woorde tel/bevestig. Indien die opsomming langer as 55 woorde is, aanvaar die finale sin en ignoreer die res. Indien die opsomming te kort is, maar al die nodige inligting bevat, word die leerder nie gepenaliseer nie.	
2.10.1	Suid-Afrikaners en wêreldleiers het hulde aan Nelson Mandela gebring.✓	1
2.10.2	Landsburgers in hul nasionale kleredrag het hul president se inspirasie en/ nalatenskap gevier in hul nasionale kleredrag. ✓	1
2.10.3	President Obama is toegejuig na sy huldeblyk . ✓	1
2.10.4	President Obama het die Suid-Afrikaners bedank dat hulle Nelson Mandela met die wêreld gedeel het. ✓	1

2.10.5	Nothando Dube het strydliedere ter herdenking aan die stryd gesing om gevoel uit te druk. ✓ Merk tot by 60 woorde. Geen punte word afgetrek vir verkeerde spelling nie. Volsinne is 'n vereiste.	1
TOTAAL : 22		
AFEDLING C: ADVERTENSIE		
3.1	A ✓ Die presidensiële hemp	1
3.2	Die leser het 'n gevoel van liefde/verering/trots teenoor Madiba ontwikkel./Sien Madiba as 'n ikoon/held./Die leser sal graag so 'n hemp wil hê. ✓✓(Aanvaar enige ander geskikte/soortgelyke antwoorde).	2
3.3	personifikasie ✓	1
3.4	Bewonderaars van Mandela/ Toeriste wat Suid-Afrika besoek/ Trots Suid-Afrikaanse mense/ Mans/ Modebewuste mense/ Mense wat tradisionele drag dra/ Mense wat stylvol wil lyk/ Mense wat 'n formele fuksie bywoon/ Mense wat hulleself as kinders van Afrika beskou✓✓ (Aanvaar enige twee van die bogenoemde/geskikte antwoord.)	2
3.5	Dit sinspeel op jou patriotisme - as jy 'n kind van Afrika is, sal jy die hemp koop./ Dit laat jou as 'n kind van Afrika skuldig voel as jy nie die hemp koop nie. ✓✓(Aanvaar enige ander geskikte/soortgelyke antwoord.)	2
TOTAAL: 8		
AFDELING D: POËSIE		
4.1.1	D ✓ dankbaarheid	1
4.2.1	personifikasie✓	1
4.2.2	alliterasie✓	1
4.3	Sy siel is so broos/kwesbaar soos die klippe wat gebreek word. ✓✓ (Enige relevante antwoord)	2
4.4.1	“rots” letterlik beteken groot, ruwe, samehangende klipmassa/'n huis wat op klip gebou is ✓	1
4.4.2	“rots” figuurlik beteken beeld van onwrikbaarheid/vastigheid/geanker/ standvastigheid/stabiliteit/sterk staan./Die mens se siel (hart) is breekbaar soos klippe. ✓	1
TOTAAL :7		
AFDELING E: SPOTPRENT		
5.1.1	Oogspesialis/optometris/oogarts/(oog)dokter/oogkundige ✓ (Enige een)	1
5.1.2	'n Oogspesialis se (spreek)kamer/dokter se spreekkamer/hospitaal/ kliniek✓ (Enige een)	1

5.2	Dit beklemtoon die feit dat Facebook die grootste/gewildste/bekendste sosiale media-groep is./ Dit beklemtoon die feit dat die grootste letter tradisioneel heel bo-aan die "oog-toetskaart" verskyn.✓✓	2
5.3	B✓ (Tegnologie neem ons lewens oor).	1
	TOTAAL: 5	
	AFDELING F: SKRYF	
6.	Gebruik die gegewe rubriek om die opstel te merk.	
	TOTAAL: 20	
	GROOTTOTAAL: 80	

20 PUNTE	Verdiensielik 9-10	Aansienlike poging 7-8	Voldoende 5-6	Basies 3-4	Onaanvaarbaar 0-2
INHOUD EN BEPLANNING 10 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> • Deeglike interpretasie van die onderwerp. • Interessante en verbeeldingryke idees. • Bewys van beplanning lei tot 'n baie goed saamgestelde en gepaste aanbieding. 	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie interpretasie van die onderwerp. • Interessante en oortuigende idees. • Bewys van beplanning lei tot 'n goed saamgestelde en geskikte aanbieding. 	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende interpretasie van die onderwerp. • Gemiddelde idees, diepte ontbreek. • Bewys van beplanning en resultate in 'n bevredigende en geskikte aanbieding. 	<ul style="list-style-type: none"> • Inhoud dikwels onverstaanbaar, onsamehangend. • Min idees en dikwels herhaal. • Onvoldoende beplanning lei tot 'n swak aanbieding. 	<ul style="list-style-type: none"> • Irrelevante inhoud, geen samehang • Herhalende idees. • Geen bewyse van beplanning nie. Baie swak aanbieding.
TAAL, STYL EN REDIGERING 5 PUNTE	5	4	3	2	0-1
	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse van kritiese taalbewustheid. • Die korrekte gebruik van taal en leestekens. • Styl, taal en register hoogs gepas. • Hoofsaaklik foutloos 	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse van kritiese taalbewustheid. • Taal en leestekens meestal korrek. • Styl, taal en register foutloos. • Meestal foutloos 	<ul style="list-style-type: none"> • Aanduiding van kritiese taalbewustheid. • Eenvoudige taal en voldoende leestekens. • Styl, taal en register geskik vir die teks. • 'n Paar foute 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen kritiese taalbewustheid nie. • Swak taal en leestekens gebruik. • Styl, taal en register soms onvanpas • Heelwat foute. 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen kritiese taalbewustheid nie. • Baie swak Taal en leestekens gebruik. • Styl, taal en register is onvanpas. • Enorme hoeveelheid foute
STRUKTUUR 5 PUNTE	5	4	3	2	1
	<ul style="list-style-type: none"> • Inhoud is logies ontwikkel; samehangend. • Variasie in sinsoorte; logiese verbindings tussen paragrawe. • Lengte is korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> • Inhoud is goed ontwikkel; sinstruktuur samehangend. • Goeie parafering • Lengte is korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende inhoud, nodige besonderhede ontbreek. • Foute met sinstruktuur en parafering, steeds sinvol. • Lengte is korrek 	<ul style="list-style-type: none"> • Wyk af van die onderwerp, betekenis soms onduidelik. • Basiese elementêre Sinstrukture en parafering. • Lengte is te kort / lank. 	<ul style="list-style-type: none"> • Wyk af van die onderwerp. • Min bewustheid van gepaste uitdrukking. • Lengte heeltemal te kort / lank.